

6 Junie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 4:1b-22

Oordeel en genade

'n Vreeslike ding het gebeur. Israel verloor vier duisend man op die slagveld! Verward vra hulle vir mekaar: Waarom het die Here dit gedoen? Tog lees ons nêrens van berou en bekering nie. Inteendeel! Omdat hulle 'n soort towerkrag aan die ark toeken, neem hulle die ark na die slagveld om die Here as 't ware te dwing om hulle die oorwinning te gee.

Geen wonder dat die oordeel van God sy volk tref nie! Dertig duisend voetsoldate sterf, asook Hofni en Pinehas. En die ark word geqaap! Toe Eli dié hartverskeurende berig ontvang, val hy agteroor en breek sy nek. En toe die vrou van Pinehas sterwend geboorte gee, noem sy haar seuntjie Ikabod: die eer is weggevat uit Israel. Uit dit wat met Israel gebeur het is duidelik: die Here vra nie van ons 'n uitwendige vroomheid nie, maar 'n innerlike oorgawe van die hart. Hoe meer ons ons eie arkies van selfbehoud probeer oprig - sonder om na die wil van die Here te vra - des te meer sal die eer - van God uit ons lewe en ons land verdwyn. Maar wie in ware berou en bekering die Here soek, sal sy genade ryklik ondervind. Die kindjie, Ikabod, wys heen na die Kind, Jesus Christus, wat deur sy kruisdood en opstanding die eer van God wat deur die sonde van Adam en Eva weggevat is, weer herstel het. Laat ons daarom, deur die krag van die Heilige Gees, elke dag die eer van God weer indra in elke faset van ons lewe.

Sing: Psalm 50:10,11

Dr CJ Malan (Emeritus)